Stil broers, in die Vrystaat gaan daar voor, 'n vrou verby...



Die programmetjie was op pienk papier gedruk, die letters helder. Haar foto, stralend. Al die sprekers, mans...

Sondagaand, 20 Maart 1994 - vanjaar, 'n kwarteeu gelede - was 'n historiese geleentheid in die ou hoofstad, Bloemfontein. Ná 'n dekade in hul eie kerkgebou op die hoek van die UOVS soos dit toe nog geheet het, het die gemeente Kovsiekampus 'n nuwe studenteleraar bevestig: 'n vrou. Dit wás immers die jaar van die groot oorgang in ons land se geskiedenis: in April 1994 sou Suid-Afrikaners vir die eerste keer saam in lang rye by die stembusse gaan staan. Daar was feestelike opgewondenheid, maar ook onsekerheid. Hoe sal dit uitwerk? Was daar iets van dié tydsgees daardie Sondagaand halfsewe in Kovsiekampus aan te voel: hoe sou dit verder met haar gaan? Hoe gaan die gemeente haar bediening beleef?

Interessant genoeg, hierdie eerste vroueleraar is boonop in 'n historiese jaar gebore, toe ons land 'n Republiek geword het, 1961. Gedoop in die NG Kerk Paul Roux en matrikuleer sy aan die Hoërskool Sarel Cilliers in Glencoe, Natal - veelseggende name. Haar ouers, Vrystaters, wat met toewyding in die plaaslike administrasie hul dorpsgemeenskappe gedien het. Was dit waar haar roeping om te dien gebore is?

In die somer van 1980 het sy in Bloemfontein aangemeld om teologie te studeer - 'n stap in die geloof. Want eers 'n jaar later, op 4 Februarie, het die Teologiese Fakulteit aan hierdie universiteit geopen. Toe was sy al in haar tweede studiejaar besig met die tale Hebreeus en Grieks, Bybelkunde en Sielkunde. Van vroeg af had sy dié belangstelling in haar medemens se welwese. Nietemin, in Desember 1982 het sy haar BA-graad behaal en die jaar daarna as een-en-twintigjarige in die derde klasgroep van die jong fakulteit ingeskryf. Die professore was formidabele kerkvaders in die Vrystaat en nie almal oortuig dat 'n vrou 'n dominee kan wees nie. Daar was tog uitdruklike Bybeltekste om te swyg? Pas die jaar tevore maar (1982), is die eerste vrouediakens in die NG Kerk bevestig! Maar hier het sy gesit, in die klas tussen 'n klompie jongmans. Eén van hulle onthou haar as stil, maar wanneer sy gepraat het, "het jy geluister." Nie 'n aktivis, maar haar "liefde vir die Here, haar opregtheid en nederigheid het gemaak dat sy nie nodig had om te veg vir 'n plek in die klas - sy was een van ons!" 'n Latere kollega onthou haar as inwoner van Huis Vergeet-my-nie en dat daardie jare in die fakulteit wel vir haar moeilik was. Byvoorbeeld: waar vind jy 'n gemeente om 'n proefpreek in te lewer, as die NG Kerk nog nie die kansel vir vroue oopgemaak het nie?! Merkwaardig egter, het die ontferming oor haar juis van 'n ouer, gerespekteerde leraar gekom: ds Johan Lombaard van Universitas-gemeente. Sodat sy kon volhard en in Desember 1986 haar BTh-graad behaal. Dit verras dus nie dat haar skripsie getuig van 'n bewustheid van randfigure: *"Die kommunikasiegebeure in die erediens vir matig gestremde volwassenes."* Later sou sy 'n MTh byvoeg: *"Pastorale terapie aan vroeë volwasse vroue wat seksueel gemolesteer is."* Sy het sulke studente geken en hulle toe al gehelp om daaroor te kan praat. Hoewel ten volle bekwaam en gekwalifiseer, kon sy egter nóg nie 'n dominee wees nie en vir die eerste vier jaar ná haar studies het sy as "kerklike werkster", Huis Idahlia se verpleegstudente bedien. En, het ds Lombaard kragtens 'n moedige kerkraadsbesluit, haar in die kapél laat preek.

En toe kom die Algemene Sinode van die NG Kerk in Oktober 1990 juis in Bloemfontein byeen. Dit was 'n gespanne tyd; in die land, maar spesifiek ook in dié kerkfamilie. Agt jaar tevore is die teologiese

regverdiging van apartheid as kettery verklaar en daarná die Belydenis van Belhar deur die voormalige NG Sendingkerk opgestel. Uit protes teen die oopstelling van lidmaatskap in die NG Kerk vir alle mense (1986), was daar ‘n “afsplintering” uit dié kerk en het die APK tot standgekom. Diep verdelingslyne het in die Vrystaat verskyn. Hoe sou die sinode die “Verslag oor die Vrou in die Amp”, hanteer? As finalejaarsklas met nóg ‘n vrouestudent in ons midde - Ronell Bezuidenhout - het ons op die galery in die Sinodale Sentrum gesit, nuuskierig en in afwagting. Aan die woord was die Nuwe Testamentikus van Stellenbosch, prof Bernard Combrinck. Helder sy pleidooi. En die dogmatikus van Pretoria met sy vindingryke formulerings: Johan Heyns. Die sinode, onder leiding van ons dekaan, prof Pieter Potgieter, is oortuig en die blydskap onder ons was groot toe die besluit geneem is: “Die dames kan gelegitimeer word sodra hulle voldoen aan die vereistes van die Reglement...”

Sy hét, reeds drie jaar tevore. Só gebeur dit toe dat sy enkele weke ná die sinode, op 27 November 1990, saam met ons en ons klasmaat Ronell Bezuidenhout gelegitimeer is, as die eerste twee vroue in die NG Kerk. Prof Potgieter se teks was 1 Tessalonisense 2:13 - dat die boodskap van God in ons werk en blydskap bring; dit is Sy woord. Sou dit vir haar in vervulling gaan? Sy het gewag. Vir nóg drie jaar, as proponent tussen die verpleegsters by Universitas. En wéér was dit ds Johan Lombaard wat in die Ring van Waterbron die gesprek gelei het sodat sy na Kovsiekampus beroep kon word, die eerste vrouepredikant in die NG Kerk in Suid-Afrika - ds AMS (Gretha) Heymans. Gepas was dit dat juis ds Lombaard daardie Sondagaand in Maart 1994 haar as studenteleraar bevestig het, met kollegas Viccie le Roux en Christo Louw as deel van die liturgie. Haar klasmaats vanouds was teenwoordig, dosente van die fakulteit en die rektor, prof Francois Retief. En het die grootse orrelklanke die kerkruim gevul: “Halleluja” (uit die Messias van GF Handel) - inderdaad, “Prys die Here!”

Dit is vyf-en-twintig jaar gelede.

In haarself, beliggaam Gretha Heymans iets van hierdie kerk, die NG Kerk Vrystaat. Haar stil teenwoordigheid, dié van “a wounded healer”. ‘n Klasmaat skryf van “letsels van ‘n kerk en kollegas wat haar by tye in die steek gelaat het.” Toe dié kerkverband self begin swaarkry, was sy een wat met toewyding ‘n klein gemeentetjie in die Suid-Vrystaat, in Hobhouse, gaan bedien het. Sy sou haar in die pastoraat verdiep en daarin haar PhD voltooi. Sy het ‘n praktyk as pastorale terapeut. In ‘n tyd toe dit nog ‘n onbekende weg hier in die Vrystaat was, het sy kontemplatiewe spiritualiteit as dissipline verken en groepe daarin begelei. In die departement Praktiese Teologie het sy met gewaardeerde deeglikheid ‘n honneursprogram ontwikkel. Jare lank reeds is sy lid van die Kuratorium en kerklike vakeksaminator, waar sy help om teologiese studente van die NG Kerk vir die bediening te vorm. Dat bykans ‘n derde van hulle hier in Bloemfontein tans vroue is, bevestig dat Gretha Heymans se verhaal as eersteling onthou moet word.

‘n Kleurryke verhaal. In ál die skakerings van menswees en die verskeidenheid van ons lief en leed voor die aangesig van God. Daardie programmetjie in sagte pienk destyds, was maar die begin. Sy gaan ons steeds voor in wat dit is om mens te wees tussen medemense, sonder onderskeid en mét respek.

Stil daarom en eer haar aan wie eer wel toekom - sy sal dit opreg ontvang.

Jan Lubbe (VDm)
24 Januarie 2019
Met erkenning aan: Fanie Spamer, Christo Louw, Kobus Schoeman en Helena Smit (Argief).